

Die ou generasie (1-9)	Die tragiese oorgang (10-25)	Die nuwe generasie (26-36)
Berg Sinai, 20 dae	Woestyn, 40 jaar	Vlakte van Moab, 5 maande
Vorbereiding vir intog	Uitstel van intog	Vorbereiding vir intog

Ons lees Numeri en Deut saam

In die boek Numeri sien ons hoe die volk telkens nie op die beloftes van God vertrou nie. Die draaipunt van die boek is in hoofstuk 14, as Israel God verwerp en weier om die beloofde land binne te trek, wat tot die veertig jaar se omswerwinge in die woestyn lei.

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Num 6:22-27, 9:15-18, Deut 4:6-9	Num 6:22-27, 9:15-18, Deut 4:1-40
Di	Num 13:26-31, 14:17-24	Num 13-14, Deut 1:19-36 Hebr 3:7-8
Wo	Num 16:1-35, Psalm 84	Num 16-17, Psalm 84
Do	Num 21:4-9, Joh 3:13-15	Num 20-21, Joh 3:13-15
Vry	Deut 6:1-9, 7:9-13, 8:1-5	Deut 6-8
Sat	Deut 26:17-19, 28:13-15	Deut 26:17-19, 28:13-15, 29:29-30:20
Son	Deut 32:1-12, Deut 34	Deut 32, 34

Numeri 1 wys die aantal weerbare manne as 600,000. Dit beteken ongeveer 2 miljoen mense het deur die woestyn getrek! Die ou generasie het God se wonders in Egipte, by die Rooi See en in die woestyn eerstehands ervaar en so besef hoe magtig God is. Hulle het ook direkte instruksies van God by Sinai ontvang as voorbereiding vir die intog.

In die woestyn het die volk reeds gemurmureer, maar God gevolg tot by die beloofde land. Twaalf verspieders is in die beloofde land ingestuur. Na hulle terugvoer het die volk geweier om in te trek. Dié ongeloof het gelei tot God se straf: Die generasie wat Egipte verlaat het, sou 40 jaar in die woestyn rondtrek en uitsterf en nie die beloofde land binnegaan nie.

Die boek eindig weer op die rand van die beloofde land met die vorige generasie almal uitgesterf. Selfs Moses sou nie die beloofde land ingaan nie en Josua word aangewys as die nuwe leier. Net Josua en Kaleb, die twee verspieders wat geglo het van die ou generasie, sou saam met die volk die land binnetrek.

Memoriseervers: *24Maar omdat my dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit. (Num 14:24)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Kyk op in geloof

Ons is sat vir die slegte kos wat U ons gee...

Hy stuur toe giftige slange en straf hul daarmee. (Num 21:5-6)

Ons bely ons het sonde teen God gedoen,

bid tot God om ons met Hom te versoen. (Num 21:7)

Kyk na die koperslang op die paal:

Redding word deur geloof bepaal. (Num 21:8-9; Joh 3:14-15)

God het vir die wêreld in liefde omgee,

daarom het Hy Sy enigste Seun gegee,

sodat die wat glo nie verlore sal gaan,

maar vir ewig by Hom sal lewe en bestaan. (Joh 3:16)

Ook ek is in sonde verstrik,

deur Satan in die hakskeen gepik...

O God, ek bely ek is verrot

en sondig teen elke gebod!

Kyk op na My Seun op die kruis:

Geloof bring jou na My huis!

Deuteronomium

Onthou

Moses se eerste toespraak (1:1-4:43)	Moses se tweede toespraak (4:44-hfst 26)	Moses se derde toespraak (27-34)
Op die rand van die beloofde land, 1 maand		
Wat Gog dedoen het	Wat God verwag van Israel	Wat God sal doen

Die boek Deuteronomium is 'n draaipunt in die volk se geskiedenis. Na 40 jaar se omsweringe in die woestyn, bevind die volk hulle nou op die randjie van die beloofde land. Moses kyk terug in die geskiedenis en gee drie groot toesprake: Wat God gedoen het, wat Hy verwag en wat Hy sal doen.

<p>In Moses se eerste toespraak (hoofstukke 1-4) herinner hy die volk aan God se straf op hulle ongeloof, maar ook God se genade en versorging in die tye wat hulle aan Hom gehoorsaam was.</p>	<p>In Moses se tweede toespraak herbevestig Moses die wette.</p> <p>In hoofstukke 5-11 gee hy weer die Tien gebooue en 'n uitbreiding daarvan.</p> <p>In hoofstukke 12-16 herhaal hy van die seremoniële wette vir offers, tiendes en feeste.</p> <p>Hoofstukke 16-20 beklemtoon siviele wette en 21-26 sosiale wette oor regsake, oorlogvoering, eiendom en persoonlike en familie waardes.</p>	<p>In Moses se derde toespraak skryf hy die geskiedenis van die toekoms neer: Seën en straf in die nabye toekoms, maar ook die ballingskap in die verre toekoms en die herstel daarna.</p> <p>Moses het ook die verbondsvoorwaardes herbevestig en die volk het dit so aanvaar.</p> <p>Omdat Moses die volk nie sou binnelei nie, het hy Josua as opvolger aangewys en 'n afskeidsboodskap oorgedra.</p> <p>God self het Moses in 'n onbekende plek begrawe.</p>	<p>Die Nuwe Testament haal 80 keer aan uit die boek.</p> <p>Die bekendste hiervan is Christus wat tydens Sy versoeking aanhalings gebruik om Satan te antwoord (Mat 4:4 – Deut 8:3, Mat 4:7 – Deut 6:16; Mat 4:10 – Deut 6:13).</p> <p>As Jesus die opsomming uit die wet in die evangelies gee, is dit 'n aanhaling van Deut 6:5</p>
---	--	--	---

Memoriseervers: *“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. (Deut 6:4-5)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

God is getrou: Jy moet vertrou

Ek wil dat julle onthou:
God was altyd getrou,
dis óns wat moet berou. (Num 1:19)

God het gesê: Trek die land in,
Ek het beloof dit is julle sin.
Deur My krag sal julle oorwin. (Num 1:21-25)

Die verspieders het uitgegaan:
“Ons kan hulle nie verslaan –
Hulle is soos reuse, moet jy verstaan!” (Num 1:26-28)

Onthou, ek het julle toe gevra:
Het God ons nie tot hier gedra?
Ons moet net in vertrou Sy hulp vra! (Num 1:29-33)

God het ons gestraf soos ons verdien:
“Nie een van hierdie geslag sal die land sien.
Miskien sal julle in veertig jaar leer, miskien...” (Num 1:34-36)

Julle was moedswillig en ongehoorsaam.
Werk, van nou af, as God se volk saam
en eer Sy groot en heilige Naam. (Deut 4:5-7)

Julle probleem was ongelooft –
Leer nou: Glo wat God beloof.
Julle moet Hom in vertrou loof.

Julle staan nou hier op die rand
van die lank beloofde land.
Vertrou hierdie keer God se hand! (Deut 4:30-40)

Jy, liewe leser, moet ook onthou:
God is en bly nog altyd getrou,
Jy moet jou ongehoorsaamheid berou.

Jy staan ook nou op die rand
van die lank beloofde land.
Neem in vertrou God se hand!

Ja, val in eerbetoon voor Hom neer,
gee buigend die magtige Skepper alle eer.
Jubel van harte tot eer van die Heer. (Ps 95:1-2)